Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging
Letaba Tak

**Posbus 1989 Tzaneen 0850**
***Voorsitter*** *(André le Grange) Tel: 082-322 5388* ***Ondervoorsitter Admin*** *(Dawie van Vuuren) Tel: 083-454 5391*
***Sekretaris*** *(Renier vd Merwe): Tel: 082-410 0599* ***Ondervoorsitter*** **Opleiding** *(Carel Buitendag) Tel: 082-551 8114*
**e-mail :** reniervdm@polka.co.za **Tesourier** *(Cor Olivier) : Tel: 083-424 6580*
**Sekretaresse** : Gerda Esterhuizen 015-3062307 **e-mail** : dawie.vanvuuren@brokers.absa.co.za

# Notule van die bestuursvergadering op 06 September 2007

**1. Opening en verwelkoming:**

1.1 Dawie van Vuuren open met gebed

1.2 Andre Le Grange verwelkom alle lede teenwoordig.

**2. Doelstellings:**

Die doelstellings word nie voorgelees nie.

**2.1 Lief en Leed:**

Geen

**3. Teenwoordig:**

Bestuur:

Andre Le Grange
Dawie van Vuuren
Ivy Iveson
Cor Olivier
Vic Osmers
Johan Ehlers
Dawie Botes
Renier van der Merwe
Carel Buitendag
Alwin Fleischman
Hansie Botha
Chris de Wet

Lede:

J Swart
D van Lith
G Pretorius
C vd Schyff
C Steyn
J.M Botha
J Brummer
W.L Marais
J du Plessis
R Mc Donald

**4. Verskonings:**

Bestuur:

Philip Robinson
Walt Katske
Abel Botha
Giam Fourie
Mike Gamba
Johnny Rech

Lede:

Johan Human

**5. Vorige notule:**

**5.1. Sake voortspruitend uit die vorige notule:**
Geen

**5.2. Goedkeuring van die notule van die vorige vergadering**
Die vorige notule word aanvaar. Voorgestel deur Dawie van Vuuren en gesekondeer deur Alwin Fleischman.

**6. Vastelling van die agenda:**

Spreukbeurte word versoek oor die volgende sake:

- Wildsete
- Groeperingskiet
- Nominasies op bestuurskommittee
- Junior 1,2 & 3 kursus

**7. Finansies & Administrasie:**

7.1 Die huidige uitgawes per maand is gemiddeld R2500. Daar sal ‘n poging aangewend moet word om die maandelikse inkomste aan te vul aangesien die enigste vaste inkomste van Vuka opleiding af is teen R1 600/maand. Daar moet gepoog word om nog R2000 per maand in te samel. Lede word versoek om die klubhuis te bemark vir funksies ens.

7.2 Daar bestaan ‘n wanbalans in die tjek rekening agv Nasionaal wat nie die tak se aandeel van lede gelde oorbetaal nie. Daar word besluit dat lede in die toekoms hulle ledegelde by die tak sal inbetaal en dan sal die tak die nodige oorbetaling aan Nasionaal doen. Dit sal verhoed dat die tak met ‘n finansieele tekort belas word.

7.3 Daar word besluit dat die tak lede se inligting bevestig moet word om te verseker dat sel nommers en e-pos adresse waar beskikbaar opgedateer kan word vir kennisgewings doeleindes. Die totale lede lys sal opgedeel word en elke bestuurslid sal ‘n aantal lede kry wie se inligting bevestig moet word. Dawie sal ‘n vraelys opstel vir gebruik in die proses.

7.4 Die bank rekeninge se stand word as volg geraporteer:

<u>Tjek Rekening:</u>

| | | |
|---|---|---|
| Inkomste: R8 648.46 | Uitgawes: R 8 501.23 | Balans: R 147.23 |

<u>Spaar Rekening:</u>

| | | |
|---|---|---|
| Inkomste: R 13 383.53 | Uitgawes: R 8 865.45 | Balans: R 4 518.08 |

7.5 Die brouerye sal genader word vir ‘n drank skenking ter waarde van R10 000 om te vergoed vir die verliese aan inkomste agv die kansellasie van die bierfees. ‘n Offisieële eis sal in opdrag van die vergadering ingedien word. Hansie en Renier sal opvolg.

7.6 Die vorige prokureur wat die onsuksesvolle dranklisensie aansoek behartig het sal genader word vir ‘n skenking aangesien ‘n bedrag van R6 000 aan hom betaal is met geen resultate.

7.7 ‘n Plaaslike begroting moet opgestel word vir voorlegging by die Algemene Jaarvergadering.

7.8 Teikens vir die groeperingskietdag is by Magaliesburg tak aangekoop ter waarde van R1 000. Betaling sal gedoen word sodra fondse beskikbaar raak.

**8. Nuwe Lede:**

Die volgende nuwe lede word voorgestel en goedgekeur:

Cassie Le Roux

Jannie Swart

**9. Klubhuis & skietbaan gronde:**

Geen

**9.1. Arbeid**

Die koste van mieliemeel het aansienlik verhoog. Brown se salaris moet aangepas word om die verhoogde meeprys in ag te neem. (ongeveer R20/maand). Daar word gemeen dat dit moontlik beter sou wees om minimum loon te betaal sonder vergoeding vir kos. Gerrie Boersma sal genader word om ‘n gewysigde werkerskontrak te op te stel en te onderhandel namens die tak.

**9.2. Klubhuis:**

‘n DSTV dekodeerder is geskenk aan die klub. Die aktivering en koste van die maandelikse bedryfskoste word goedgekeur aangesien dit mense sal lok om by die kroeg bv. na rugby wedstryde te kom kyk.

**9.3. Dranklisensie:**

Jenke Nagel moet gekontak word om die goedgekeurde dranklisensie dokumentasie te kry.

**9.4. SA Seta:**

Geen

**9.5. Chasa:**

9.5.1 Alle lede word herinner dat verslag van alle toegewyde jagters se aktiwiteite in Desember gedoen moet word. Almal word versoek om bewyse van jagte by Gerda in te dien, veral as daar minder as drie aktiwiteite op rekord is.

9.5.2 Daar word besluit dat lede hulle skiettoets vir hul toegewyde status by Daan van Lith kan doen. Reëlings moet vooraf met hom getref word.

## 10. Skietdae:

10.1 Groeperingskietdag 10/11/07

Die volgende groeperingskietdag word op 10 November gehou. Borge moet gekry word en die nodige advertensies geplaas word. Borge moet binne die volgende 2 weke gefinaliseer word.

Die volgende inskrywingsfooie word goedgekeur:

| | |
|---|---|
| 1e Inskrywing | R50 |
| 2e Inskrywing | R20 |
| .22 per inskrywing | R10 |

Dawie van Vuuren sal as koordineerder optree. Almal word gevra om te help waar moontlik. ‘n Lys van aksies sal opgestel word en aan bestuurslede gedelegeer word.

Abel sal gevra word om te reel vir “flyers” en SMS’e.

Ons het op die oomblik 470 kartonne vir teikens. Nog 400 word benodig.

‘n Trekker en sleepwa sal by die Munisipaliteit gereël word om mense tussen die skietpunt en die kroeg te pendel.

10.2 SA Jagters Skietdag

‘n Span vir die dag is reeds deur die tak ingeskryf. Die skietdag sal op 15 September 2007 plaasvind.

10.2 Intertak Skietdag te Waterberg Tak

Waterberg tak bied die volgende intertak skietdag aan by hulle skietbaan op 29 September 2007. Almal wat belangstel om deel te neem kan met Alwin Fleischman kontak.

## 11. Opleiding:

11.1 Daar moet greël word vir ‘n baanoffisiers kursus – daar bestaan ‘n navraag hiervoor.

11.2 ‘n Spoorsnyers kursus word van 26 -30 September in Mussina aangebied teen ‘n koste van R1200. Die kursus sal loop van die Woensdag tot Sondag. Die kursus fooi sluit alle etes en koeldrank in. Plek vir slegs 6 persone.

11.3 Skenkings van tipiese bosveldjag velle word gevra. Dit sal gebruik word vir identifikasie oefening tydens die junior opleidingskursusse. Jaco Haar borg die brei van die velle.

11.4 Die tak moet ‘n lys opstel van alle juniors wat reeds die junior opleidingskursusse voltooi het. Daar moet gepoog word om hulle op jagte te neem. As die tak aan ouers ‘n indikasie kan gee van kostes, kan hulle spaar om die lede saam te stuur op jagte gedurende die volgende seisoen.

**12. Kleiduif:**

Die nuwe wisseltrofee word aan lede gewys. Daar word voorgestel dat elke afdeling ‘n wisseltroffee laat maak om jaarliks uit te deel, met ‘n kleiner replika wat gehou word. Johnny Rech het aangebied om die houtwerk te doen.

**13. Boogjag:**

Geen

**14. Handwapenjag:**

Geen

**15. Buskruit:**

Geen

**16. Windbuks:**

Geen

**17. Jaggeleenthede:**

Geen

**18. Redaktrise / publikasies / pers:**

18.1 ‘n Advertensie moet in die koerant geplaas word om die kroeg te bemark. Annie Botha sal gevra word om op te volg.

18.2 ‘n Advertensie moet ook geplaas word om te adverteer dat BJV lede en hul naby familie hul bevoegdheids toetse vir lisensie hernuwings by die Letaba tak kan aflê.

**18.1. Internet:**

Geen

**19. Uitvoerende vergadering:**

Nominasies vir die volgende jaar se bestuurskomittee word aangevra. Dit sal by die volgende Algemene Jaarvergadering Behandel word. Nominasies moet asseblief deurgegee word.

**20. Algemeen:**

20.1 <u>Wildsete</u>

Die wildsete van 13 Oktober 2007 word weer gehou by die Eco Park. Die ete kos ons tak R45/kop en sluit slaaie en nagereg in. Sap en sjerrie moet deur die BJV self voorsien word. Ons sal 100 liter sap (Tropical punch) aankoop. Sjerrie sal by Mark aangekoop word.

‘n Veilslys word gesirkuleer en lede wat wildsvleis het om te skenk moet asb opskryf en die skenkings indien by Wallie (Fruit & Veg) by einde September. 160kg wildsvleis word benodig.

Kaartjies word aan bestuurslede uitgedeel (10 kaartjies / pakkie). Kaartjies word verkoop teen R90/persoon. Hoërskool kinders betaal volprys, Laerskool kinders en kleiner gratis.

Gelde van kaartjieverkope moet by Gerda ingedien word. Elke bestuurslid moet minstens kaartjies vir een tafel van tien verkoop. Die syfers word benodig voor die Algemene Jaar Vergadering.

**21. Volgende vergadering:**

Bestuursvergadering: 4 Oktober 2007

Algemene Jaarvergadering: 6 Oktober 2007

Notule goegekeur as korrek Datum……………………

Voorsitter…………………. Sekretaris………………...